

Vraag 5 Sinstrukture

Bestudeer die **strokiesprent**¹ wat in “Beeld” van 22 April 2009 **verskyn**² het. Skryf dan die **sinne** soos **aangedui**³.



5.1 Jeremy se ma vra vir hom: “Moet jy die hele dag met jou selfoon speel?”

Jeremy se ma vra vir hom⁴ ... (1)

5.2 Jeremy ontvang elke dag honderde boodskappe⁵ kort-kort op sy selfoon.

Honderde boodskappe⁶ ... (1)

5.3 Jeremy se ma vra: “Speel jy nog steeds speletjies⁷?”

Jeremy antwoord: “Nee, ek⁸ ... “ (1)

5.4 Jeremy stuur ‘n laaste boodskap en sy ma mag nie verder met hom raas nie.

Jeremy belof⁹ **om**¹⁰ ... en sy mag nie verder met hom raas nie. (1)

5.5 Tieners is bekend vir hulle liefde vir selfone.

Dit is bekend dat¹¹ ... (1)

5.6 Jeremy hoor sy ma praat, maar hy wil nie luister nie.

‘n Oomblik gelede¹² ... (1)

5.7 In die ou dae¹³ het ons nooit opgehou om met mekaar te gesels nie.

¹ comic strip

² appear

³ indicated

⁴ Skryf in die indirekte rede. Gebruik “of” want dit is ‘vra’.

⁵ messages

⁶ Skryf in die lydende vorm. Tyd: Teenwoordig.

⁷ games

⁸ Ontkennende vorm. NB: *nog steeds*

⁹ Promises to...

¹⁰ Infnitief.

¹¹ Voegwoord: Groep...?

¹² A moment ago.. Verlede tyd.

¹³ In the olden days....

- Op die oomblik¹⁴ ...** (1)
- 5.8 Jeremy moet vir sy ma luister, want hy moet ook sy huiswerk doen.
Jeremy hoef¹⁵ ... alhoewel hy ook sy huiswerk behoort¹⁶ ... (2)
- 5.9 Jeremy se ma gaan nie weer met hom praat nie. Hy speel net met sy selfoon.
Aangesien¹⁷ ... (1)
- 5.10 Jeremy se ma gee moed op wanneer haar seun net met sy maats gesels.
Twee minute gelede¹⁸ ... (2)
- 5.11 Sy probeer hom help, maar hy wil nie haar hulp¹⁹ aanvaar nie.
Hy wil nie haar hulp aanvaar nie, alhoewel²⁰ ... (1)
- 5.12 Jeremy se selfoon is baie modern. Hy speel elke dag met die selfoon.
Jeremy se selfoon waarmee²¹ ... (1)
- 5.13 Jeremy het weer 'n nuwe selfoon.
Volgende jaar²² ... (1)

[15]

¹⁴ At the moment... Teenwoordige tyd.

¹⁵ Onthou: Hoef is altyd **ontkennend** en in die **infinitief** sonder 'om'.

¹⁶ Behoort = Aught [gebruik ook die infinitief maar sonder 'om']

¹⁷ Seeing that... Voegwoord – groep..?

¹⁸ Two minutes ago.. Verlede tyd.

¹⁹ Hulp (noun) but Help (verb) in Afrikaans

²⁰ Even though... Voegwoord – Gaan kyk in watter groep dit is.

²¹ With which. Voornaamwoord: Ons sê **nie** "...met wat hy speel..." nie.

²² Next year... Toekomstige tyd.

Vraag 5

- 5.1 Jeremy se ma vra vir hom of hy die hele dag met sy selfoon moet speel. (1)
- 5.2 Honderde boodskappe word elke dag kort-kort deur Jeremy op sy selfoon ontvang . (1)
- 5.3 Jeremy antwoord: “Nee, ek speel nie meer speletjies nie .” (1)
- 5.4 Jeremy beloof om ‘n laaste boodskap te stuur en sy ma mag nie verder met hom raas nie. (1)
- 5.5 Dit is bekend dat tieners baie lief vir (hul) selfone is. (1)
- 5.6 ‘n Oomblik gelede het Jeremy sy ma hoor praat , maar hy wou nie luister nie. (1)
- 5.7 Op die oomblik hou ons nooit op om met mekaar te gesels nie. (1)
- 5.8 Jeremy hoef nie vir sy ma te luister nie, alhoewel hy ook sy huiswerk behoort te doen. (2)
- 5.9 Aangesien Jeremy (hy) net met sy selfoon speel, gaan Jeremy se ma (sy ma) nie weer met hom praat nie. (1)
- 5.10 Twee minute gelede het Jeremy se ma moed opgegee toe haar seun net met sy maats gesels het. (1)
- 5.11 Hy wil nie haar hulp aanvaar nie, alhoewel sy hom probeer help .
- 5.12 Jeremy se selfoon waarmee hy elke dag speel , is baie modern. (1)
- 5.13 Volgende jaar sal Jeremy weer ‘n nuwe selfoon hê . (1)

[15]